

ONS BEREI VOOR VIR LYDENSTYD 2021

LYDENSTYDKURSUS: "IN DIE SKADU VAN DIE KRUIS"

Elke jaar skop op dieselfde manier af ... sonder uitsondering! Elke nuwe jaar begin op 1 Januarie. Elke jaar eindig ook op dieselfde manier ... ook sonder uitsondering. Jy kan nou raai: 31 Desember. Dis hoe ons kalenders begin en eindig.

Dan is daar nog skoolkalenders. Ons jaar begin ons vier seisoene ook altyd op dieselfde tye: so is Lentedag altyd op 1 Sept. Ons weet wanneer is die langste dag van die jaar, en die langste nag ook. Alles wat ons van 'n nuwe jaar wil weet, is op ons kalenders. Die dae mag dalk anders wees; maar die datums is elke jaar dieselfde.

Christene het ook 'n kalender; op daardie kalender word die verskillende seisoene aangeteken. Ook die is altyd dieselfde. Die christene se jaarkalender skop altyd af met Advent. Dit is die 4 Sondag voor Kersfees.

Ons ken die kerklike seisoene: die periode van afwagting op pad na Kersfees; dan vier ons die koms van Jesus. Vir christene is die belangrikste naweek: Paasnaweek. Goeie Vrydag gedenk ons die dood van Jesus; opgevolg deur die belangrikste dag, selfs belangriker as Kersdag; dit is Opstandingsdag. Ons hoogtepunt van feesdae. Hemelvaart volg 40 dae later. Tien dae later begin Pinkstertyd wanneer ons die uitstorting van die Heilige Gees vier. Só hou die jaar na jaar aan.

Op ons kerkkalender is Aswoensdag 'n besonderse dag. Met hierdie dag skop ons die feestyd af wat baie mense as "LENT" ken, of in Afrikaans is dit Lydenstyd.

More is Aswoensdag – as jy 46 dae van vandag af tel, kom jy by DonkerSaterdag uit. Sommige mense noem dit StilSaterdag. Trek die 6 Sondag af wat tussen nou en Stilsaterdag is, dan kom jy op 40 uit. En dit is die 40 dae wat ek altyd noem: Van Ashoop na Hoop. 'n Reis wat met as begin, maar by Hoop eindig. Van Ashoop na die Oop Graf. Die reis van die Ou Mens op pad na die Nuwe Mens. Die mens wat saam met Jesus gekruisig is en saam met die Christus opstaan.

Lydenstyd = Lent

In Afrikaans is ons woord "Lydenstyd" nie presies wat die oorspronklike woord bedoel het nie. Die woord "Lent" (soos wat hierdie periode in Engels bekend staan) beteken eintlik "om langer te maak." Dit is baie gepas as verwysing na die son wat langer en warmer strale aarde toe stuur, soos wat die lente die winterkoue in die noorde begin wegstoot.

Lente breek aan. Lydenstyd is dus die laaste stuiptrekkingdae van die winter; presies soos die laaste koue vlae van 'n seisoen mos oorgaan na die volgende seisoen. Teen Paasnaweek in die noordelike halfrond het die lentebloem oral begin uitkom, juis om op Paassondag die kerke soos lushowe te kan versier.

Lent, die Engelse woord, se verwysing na lente is dus gepas as 'n nuwe seisoen wat aanbreek. Vir ons is dit net 'n bietjie "agterstevoor om", want ons dae skuif in hierdie tyd oor vanaf somersdae en -aande na die kouer wintermaande wat voorlê.

Dit help wel om te verstaan waar die woord "Lent" vandaan kom. Lydenstyd is steeds 'n beter woord, juis omdat ons seisoen nie by "Lent" pas nie. Hierdie Lydenstydreis van 40 dae is wel 'n reis na geestelike ontwaking. Vanuit doodsheid na Lewe.

Aswoensdag en wuivende palmtakke

Aswoensdag loop altyd parallel met die vorige jaar se lydenstydviering. Die 6de Sondag in Lydenstyd word "**Palmsondag**" genoem. Dit verwys mos na Jesus wat met die donkie Jerusalem inry, en dan verwelkom word deur swaaiende palmtakke en mense wat hul bokleed op die grond gooi (Mark 11:9). 'n "Hosanna"-dag.

In baie van ons gemeentes is dit gebruik dat kinders met swaaiende palmtakke die kerkgangetjies af kom en liedere sing. Palmsondag is die begin van die **Heilige Week**. Veral die Markusevangelie vertel vir ons stapsgewys wat daardie laaste week gebeur het voordat Jesus gesterf het.

Daardie palmtakke van die vorige jaar se Palmsondag word tradisioneel op Aswoensdag gebrand tot as. Dan is die as met 'n bietjie olyfolie gemeng tot 'n paste. Op Aswoensdag is 'n kruis op gelowges se voorkoppe aangebring; of 'n houtafdrukker met 'n kruis ingekerf word in die as gedruk en op 'n voorhand gedruk. Só het die volgende 40 dae siklus begin. Met 'n kruis om jou eie lewenspad te simboliseer.

Die beginsel van "Aswoensdag" is nie in die Bybel nie. Maar die teologie waarmee dit gepaard gaan vorm beslis 'n groot deel van die kern van ons geloof.

Die simboliek van "40" in Bybel

Omdat 40 so 'n besondere getal in die Bybel is, is dit te verstane dat 40-dae - teruggetel vanaf die dag voor Opstandingsondag (al die Sondae uitgeskakel) - jou altyd by 'n Woensdag sal bring. Met die verwysing na die betekenis van as is dit dus 'n groot simboliese dag; soos wat 40 'n simboliese betekenis in die Bybel ook het.

In die Bybel het 40 dae nog altyd die periode van beproewing uitgebeeld. Anders as wat ons die Bybel letterlik lees, moet dit nie as 'n letterlike getal beskou word nie. Dit beteken eintlik 'n lang periode. 'n Periode wat nie sommer net tjoeftjaf klaar is nie. Dit is 'n periode waar jy deur swaarkry moes beur voor jy die vreugde geniet. Dink maar aan:

- 40 dae en nagte se stortreën, voor die duif die takkie van groenigheid vir Noag aandra;
- 40 jaar se woestynloutering voor die Israeliete die Beloofde Land van melk en heuning en reuse druiwetrosse kan geniet;
- 40 dae en nagte worstel Jesus met Satan oor sy identiteit, voordat Hy met sy bediening begin;
- 40 dae na Jesus se dood onderneem hy 'n nuwe reis: 'n reis terug die hemele in.

Dit gaan dus oor 'n lang periode; hetsy 40 dae; 40 nagte; 40 jare; 40 ligjare.

Jesus: op pad na sy lyding

Aswoensdag begin altyd by die nadenke van Jesus se eie paadjie wat in die woestyn begin het. Woestyne is ook vir ons 'n simboliese woord. 'n Woestyn dui op 'n tyd van beproewing. Dit is iets wat jy alleen aandurf ... iemand kan nie jou woestynpad namens jou loop nie. Jy het net die Heilige Gees as jou metgesel.

Lydenstyd is 'n jaarlikse herdenking van Jesus se paadjie wat in die woestyn begin het, en vandaar by die kruis geëindig het. Daar het die aardse Jesus se lewe opgehou. Die donkerste dag, ook simbolies, was die Saterdag na Jesus se dood. Jesus was in die donkerte van die graf. G'n wonder ons noem dit "Donkersaterdag" nie. Dink maar terug aan die verwardheid in die Emmausgangers se gesprek met mekaar. Die donkerte van die Saterdag het duidelik in hulle gemoed 'n ander soort donkerte veroorsaak. Jesus in die graf het uitsigloosheid beteken.

Veertig dae vantevore, (dit is nou 40 dae van Donkersaterdag teruggetel) is vir ons dus simbolies van Jesus se eerste tree ... sy eie 40 dae reis in die woestyn in. Daar was dit sy worsteling met

Satan en die versoekinge. Hierdie was die "suiweringstyd" vir Jesus, want direk daarna lees ons, "Die tyd het aangebreek..." (Mark 1:15). Dit het die begin aangekondig van die 'n reis wat by die kruis sou eindig.

'n Geestelike Pelgrimsreis

Jy hoef nie 'n geloofsreis fisies te onderneem nie. Hierdie is jou 40-dae reis na geloofsverdieping.

John O'Donohue praat van só 'n 40-dae periode as die **Pelgrimsreis van Ontdekking**: 'n geloofsreis om jou eie vrese en tekortkominge in die oë te kyk; slegte gewoontes te konfronteer; ekkigheid raak te sien as die ongemak van reis te erg raak; maar ook om die vreugde te mag ervaar as jou eie beknopte sielsbedompigheid begin asemskip in die oopte wat die Heilige Gees vir jou bied.

Richard Rohr skryf in die pragtige boek, "Wondrous Encounters: Scripture for lent" die volgende paragraaf,

There are two moments that matter.

One is when you know that your one and only life is absolutely valuable and alive.

The other is when you know your life, as presently lived, is entirely pointless and empty.

You need both of them to keep you going in the right direction.

Lent is about both.

Weet dat jou lewe buitengewoon waardevol is. Wetend ook, dat soos jy dit leef, jy dit nie noodwendig leef asof waardevol nie.

Belangrike Voorbereiding vir Aswoensdag en verder

Maak vandag vir jou 'n paste van as en olyfolie. Jy het dit nodig op Aswoensdag, saam met my Lydenstyd se 40-dae wil afskop.

Omdat ons nie altyd droë palmtakke het om te verbrand nie, kan jy bloot droë takkies en blare verbrand. Baie keer meng gelowiges gewone stof met die as. Sommige mense meng nie die as met olyfolie nie; elke dag strooi hulle 'n klein knippie as oor hulle hare. (Soos Job se vriende in Job 2:8 - 1953 vertaling - gedoen het.) Dit is heeltemal gepas, veral as 'n mens ook die woorde van die begrafnisformulier onthou: "Stof is y jen tot stof sal jy terugkeer" (- verwysend na Adam wat uit die stof van die aarde geskep is – Gen 2:7.)

In jou voorbereiding van die as/stof, dink biddend na oor wat jy wil "agterlaat". Jy kan elke dag van die 40 dae op jou eie, of as deel van jou gesin/geloofsvriende, 'n kruis-van-as met jou vinger op jou voorkop of op jou hand trek. Moenie dit te vinnig wil afwas nie, kyk in die spieël daarna terwyl jy jou Lydenstydgebed bid. Of jy kan, soos 'n vriendin van my, elke oggend 'n klein swart kruisie op jou duim trek. Elke keer herhaal jy vir jouself, "*hierdie is die simbool wat my herinner waar ek vandaan kom, wetend ook waarheen ek oppad is.*" Of neem van jouself 'n foto met die kruis op jou voorkop en herhaal elke keer as jy daarna kyk, "*Uit stof is ek gemaak, uit stof lig God my uit.*" Jy kan vir jouself 'n Lydensgebed skryf; dalk soos Augustinus van Hippo s'n:

*O Heer,
Die huis van my siel is smal; vergroot dit sodat U kan ingaan.
Dit is bouwellig, herstel dit!
In U oë is dit verkeerd; ek bely dit.
Maar wie sal dit reinig, na wie sal ek roep, behalwe na U?
Reinig my van my verborge tekortkominge, o Here,
en spaar U dienaar van die verkeerde weë.*

Tweedens: ek nooi jou ook uit om more-oggend 'n aanlyn nagmaalsdiens saam te vier. Kry vir jou (en wie dit saam met jou gaan deel) 'n **provita/snyttjie brood en bietjie wyn/sap** gereed.

Derdens: 'n **Lydenstyd-dagboek (notaboek/joernaal)**. Die waarde hiervan is dat jy, lank nadat hierdie 40 dae verby is, steeds sal kan nadink oor die ontdekkings wat jy gemaak het.

Dankie dat jy saam met ons reis.

Ronell